

GEBEDE WAT BID

Deel 3 – Die Gesindheid van ons Gebede

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Hoe "hou jy rekord" van die dinge wat jy in gebed vra? Hoe onthou jy dinge waarvoor jy al lank bid?

Wat dink jy van die stelling: "*Baie keer bid ons nie oor die dinge wat ons sê ons oor bid nie, ons dink net gereeld daaraan*"?

Is daar iets waarvoor jy al baie lank bid en vra? Watter emosies skep dit dat jy so lank al bid en geen uitkoms sien nie? Hoe bly jy moedig daarvoor?

Indien daar nie iets is waarvoor jy al lank bid nie, hoe kan jy iemand bemoedig wat dit wel ervaar?

Wat het vir jou uitgestaan van hierdie reeks? Wat is een ding wat jy saam met jou neem?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

Psalm 138:8 (Lees die vers in verskeie vertalings). Het jy al ooit gewonder wat jou doel is? Watter versekering bring dit dat jy kan vashou aan die belofte dat God dit in vervulling sal bring?

Jeremia 32:27. Sukkel jy soms om hierdie te glo? Watter uitwerking kan dit vir ons geloof hê indien ons gereeld oor verse soos hierdie nadink?

Romeine 8:28. Hoe dink jy is hierdie vers van toepassing as ons lank wag vir gebede om beantwoord te word?

Markus 5:21-43. Wat staan vir jou uit van hierdie gebeurtenis?

In watter mense rondom jou sien jy die werking van God op die oomblik? Hoe kan dit jou aanmoedig en geloof bou om aan te hou vra in gebed?

In die preek van Sondag is 4 gesindhede genoem wat ons moet hê in gebed: 'n Gesindheid wat God laat antwoord 1) *Op sy eie tyd*; 2) *op sy eie manier*; 3) *in sy eie krag*; en 4) *vir sy eie doel*. Watter een van hierdie is tans die grootste uitdaging vir jou, of was vroeër 'n groot uitdaging vir jou? Hoekom ervaar jy dit so? Wat dink jy kan gebeur as ons nie hierdie gesindhede in gebed inneem nie?

Begin 'n gebedsjoernaal vir jouself of selfs vir julle groep. Hê die volgende kolomme in die joernaal: Datum van versoek; naam van persoon wat versoek; gebedsversoek; belofte in Bybel waarop ons staan vir die versoek; datum van antwoord. Hierdie is 'n oefening en praktyk wat baie geloof in julle groep kan bou. Skryf 'n paar van jou gebedsversoeke hieronder neer wat jy met jou groep sal wil deel en bid vir mekaar.

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waarvoor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.
